SUIDER NUUS
SOUTHERN POST

VRYDAG
17 April 2020

BREDASDORP, NAPIER, WAENHUISKRANS, STRUISBAAI, AGULHAS, ELIM, KLIPDALE, PROTEM, RIVIERSONDEREND, BUFFELJAGSRIVIER, WOLVENGAT, OUPLAAS, SWELLENDAM, SUURBRAAK

GRATIS FREE
9 772220 570007

MIDAS
BREDASDORP MIDAS
Tel: 028 424 1361
All Saints Street, Bredasdorp

## POSITIVE #CORONAVIRUS CASES - OVERBERG 15/04

| WESTERN CAPE | * OVERBERG | CAPE AGULHAS | SWELLENDAM | THEEWATERS-KLOOF | OVERSTRAND |
|---|---|---|---|---|---|
| 657 | 12 | 0 | 0 | 1 | 11 |

* 7 patients fully recovered 5 active



Virtual communication now seems to be "the name of the game" – at the same time saving valuable "driving time" as roleplayers now gather around the screen of a computer of laptop as they communicate with roleplayers further afield instead of driving to neighbouring towns.

Pavilion Sentrum, Langstraat, Bredasdorp, P.O. Box 597, Sanlamhof, 7532 Tel. (028) 424 1986 Fax. (028) 424 1048

telectro
connecting you

Dienste:
• Kontrakte
• Opgraderings
• Bybehore
• Voorafbetaalde kaarte
• Vervang van sim kaarte
• "Number Portability" (Nommer oorbring van enige ander sellulêre netwerk na die Vodacom netwerk)

vodacom

Vir enige Navrae kan u ons kom besoek of skakel.

COETZEE
HEARING PRACTICE
HEARING TESTS
FITTING OF HEARING AIDS
Now at Dynamic Vision
(Van der Merwe Optometrists)
Opposite Dr Bosch's rooms
7 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
Franco Coetzee
franco@hpractice.co.za
028 424 2611
028 312 1307
Contact Lynette for an appointment

CHERRY DE BEER
OPTOMETRIST



Promosie
Gratis sonbril of leesbril met 'n nuwe bril!
(Net geldig saam met 'n nuwe raam en lense. Pakette uitgesluit)
T&C's apply
Seewier Str. 6, Struisbaai, Tel: 028 435 6454
Pavilion Sentrum No 15, Bredasdorp, Tel: 028 425 1540

# Hoe werk die Departement van Gesondheid se tuisbesoek siftingsprogram?

***"In the fight against the Corona-virus, Government is embarking on an active program through the COVID-19 Home Visits Program. We are trying to find people who might need help. We need to talk to people to find out whether they need to go for testing so we can refer them for treatment. We will focus specifically on vulnerable people and communities."*** **(Western Cape Department of health)**

**Op Dinsdag, 14 April het die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid amptelik hulle huis tot huis COVID-19 siftingsprogram in die provinsie hervat. Die teikengroepe is die meer kwesbare gemeenskappe in die provinsie. In 'n persverklaring wat op dieselfde dag deur die Departement uitgereik is, word dan ook haarfyn verduidelik wat die program alles behels, wat die werkswyse is en wat die doelstellings van hierdie uitreik aksie is.**

Heelwat vals nuus is in hierdie verband versprei in die aanloop tot die program – om hierdie rede is dit belangrik dat lede van die publiek presies weet wat dit behels en hoe hulle daarby kan baat deur saam te werk.

**Die verskil tussen "sifting en toetsing" – op Engels "screening and testing"**

Die siftingsproses is 'n proses aan die hand waarvan lede van die span wat van huis tot huis beweeg deur vrae te vra, 'n opname maak van inwoners van die bepaalde gebied wat moontlik wel addisionele hulp benodig en wat getoets moet word. Die toetse word deur mediese dokters by spesifieke voorafbepaalde punte in die provinsie uitgevoer.

Inwoners word versoek om die vrae eerlik te beantwoord en om besonderhede te verskaf aangaande hulleself soos kontaknommers wanneer huklle verwys word. Een van die vrae wat dikwels gevra word is of sifting uitsluitlik tydens tuisbesoeke gedoen word. Die antwoord is nee!

**Word sifting ook elders gedoen?**

Sifting kan ook gedoen word deur "self evaluering" waarna jy bepaalde kontaknommers kan skakel om opgevolg te word by voorafbepaalde sentrums. Gesondheidsklinieke in jou streek kan ook sif en verwys, so ook private mediese praktisyns.

Sekere groter sentrums/hospitale word aangegee in die persverklaring as sentrums waar siftings- en toetsings fasiliteite is. Van die staatshospitale op die lys sluit, afgesien van die groter sentrums soos Groote Schuur en Tygerberg Hospitale, ook 'n verskeidenheid kleiner hospitale in en om Kaapstad en ook die staatshospitale in Paarl, Worcester en George in.

**Hoe lank neem dit voordat toetsuitslae bekend gemaak word?**

Luidens die persverklaring is die toetsuitslae binne 24 tot 48 uur beskikbaar. Persone wat verwys is vir toetsing word versoek om hulleself vrywillig te isoleer in afwagting van die uitslae. Positiewe uitslae vereis dat so 'n persoon afgesonder en/of in kwarantyn grplaas of behandel word. Die Wes Kaapse regering beoog luidens die persverklaring ook om die siftingsprogram uit te brei en op te skerp. Intussen word inwoners versoek om die sg. **VYF GOUE REëLS VIR GOEIE GESONDHEID** streng na te kom:

Was hande gereeld en deeglik met water en seep; hou oppervlaktes skoon; moet nie aan die gesig raak nie; behou die afstand van ten minste 1.5 meter van mekaar; nies en hoes in die elmboog en dra 'n drielaag materiaal-masker wanneer buitenshuis in winkels rondbeweeg word.

**Nuwe uitdagings vereis nuwe interpretasie van die reëls!**

Organisasies wat met gestremde, blinde of bejaardes werk, het egter onlangs aangedui dat die protokol van hulle vereis om persone wat hulle help, begelei of versorg aan die elmboog geneem moet word. So kom daar maar daagliks nuwe uitdagings op ons pad in hierdie vreemde nuwe COVID-19 leefwêreld van ons.

**Ora Laubscher**

**Al was die verkeerslading en aantal ongevalle op die paaie van die provinsie gedurende die pas afgelope Paasnaweek volgens die Wes Kaapse Verkeershoof Kenny Africa die laagste ooit, het mediese nooddiensspanne in die provinsie gereageer op nie minder nie as 6444 noodroepe vanaf lede van die gemeenskap. Die hospitale waarheen die meeste ernstige ongevalle vanaf hospitale in ons eie Overberg streek verwys word naamlik Tygerberg en Worcester, het gedurende hierdie tydperk onderskeidelik 178 en 177 gevalle ontvang en hanteer. Die spanne was veral besig in die Kaapse metro waar daar ook gebiede is wat nie sonder begeleiding deur SAPD spanne betree kan word nie. Die meegaande tabel gee 'n aanduiding van die tipe ongevalle wat in hierdie tydperk hanteer en behandel is.**




# What the community screening program of the Western Cape Department of Health entails

**According to a press release issued on April 14th, the Western Cape Government Health will intensify its community screening and testing in the coming weeks as part of the COVID-19 Screening and Testing programme.** ***"The more people our teams can talk to (screen) the better chance we have at stopping the spread and in doing so, keep our vulnerable community members safe."***

The questions will mainly focus on whether or not a person has symptoms of illness at the moment (a sore throat, a cough or fever). These questions need to be answered honestly. During the community screening and testing the support of the community is essential for the success in stopping the spread of the virus. Our health teams are identifiable by their badges and clothing/uniform and allow them to screen you. Members of the public are encouraged to continue practicing the 5 Golden Rules of Good Hygiene and, where possible to wear a cloth mask. Remember the Golden rules of prevention: Wash your hands regularly with soap and water, keep surfaces clean, do not touch your face, cough and sneeze in your elbow fold, keep 1,5m away from people, and stay at home. We also recommend the use of a 3-layer cloth face mask.

Do note that screening is conducted by asking questions and may be followed by referrals to be tested. Test results, according to the press release, are available within 24 to 48 hours.

**Ora Laubscher**

# All COVID 19 LOCKDOWN complaints to be directed to members of CAM staff at the JOC in Bredasdorp

**CAM's Traffic Department' vehicle test centre has been transformed into a JOC which stands for Joint Operational Centre for Disaster Management since the #COVID 19 LOCKDOWN initiative kicked in. Here members of staff are at the service of residents who want to wish to report related incidents.**

Pictured here with CAM Disaster Management Director, Ms M.Saptou: Left to right Cecile January, Priscilla Plaatjies, Mylisson Saptou and Chante Thompson. Members of the public are requested to report all COVID19 related complaints and incidents to the team members on 028 425 5600 **(Photo Gurshwin Prins, CAM)**

**Ora Laubscher**



LET'S STOP THE SPREAD

| Municipality | Cases |
|---|---|
| City of Cape Town | 571 |
| Cape Winelands District Municipality | 31 |
| Breede Valley | 7 |
| Drakenstein | 6 |
| Langeberg | 1 |
| Stellenbosch | 16 |
| Witzenberg | 1 |
| Central Karoo District Municipality | 0 |
| Beaufort West | 0 |
| Laingsburg | 0 |
| Prince Albert | 0 |
| Garden Route District Municipality | 55 |
| Bitou | 5 |
| George | 13 |
| Hessequa | 5 |
| Kannaland | 0 |
| Knysna | 13 |
| Mosselbay | 17 |
| Oudtshoorn | 2 |
| Overberg District Municipality | 11 |
| Cape Agulhas | 0 |
| Overstrand | 10 |
| Swellendam | 0 |
| Theewaterskloof | 1 |
| West Coast District Municipality | 5 |
| Bergriver | 0 |
| Cederberg | 0 |
| Matzikama | 0 |
| Saldanabay | 3 |
| Swartland | 2 |

Western Cape Government

Contact the Covid-19 hotlines for health queries:
National hotline: 0800 029 999
Provincial hotline: 021 928 4102
WhatsApp "Hi" to 0600 123 456




# Plaaslike rampbestuurspanne betree die virtuele era

**Waar verteenwoordigers van plaaslike polisiestasies in die verlede gereeld na omliggende dorpe soos Hermanus of Worcester en selfs na Kaapstad moes ry om vergaderings by te woon, het die konsep van "virtuele" of te wel aanlyn vergaderings – so wil dit voorkom – nou ook in die mees suidelike munisipale area ingeskop.**

Luidens 'n plasing op die FB blad van die Kaap Agulhas plaaslike owerheid, is 'n verteenwoordiger van KAM in die persoon van Me Mylisson Saptou, bestuurder van KAM se Beskermingsdienste, belas met rampbestuur, ook een van die rolspelers wat op hierdie elektroniese platform verteenwoordig is. Mnr Reinard Geldenhuys van die ODM tree in sy hoedanigheid as hooframpbestuurder vir die Overberg streek op as koördineerder.



**Local police officers and station commanders are pictured here whilst communicating with their Sector commander in Hermanus. Ms M. Saptou who heads CAM's Safety and Disaster Management team, was also present at one of the most recent "virtual conferences" in Bredasdorp. ODM Executive Mayor Alderman Sakkie Franken and Mr Reinard Geldenhuys who heads the ODM regional Disaster Management initiative and Western Province Premier Alan Winde and his Ministers, have all recently been communicating virtually on FB by means of virtual conferences or digicoms.**

**Die Premier van die Wes-Kaap en sy Ministers kommunikeer ook nou virtueel met die media**

Waar dit teen die agtergrond van die landswye #Lockdown inisiatief ook nie meer moontlik is om op die tradisionele manier vergaderings met verteenwoordigers van die media te belê nie, kommunikeer selfs Mnr Alan Winde, die premier van die Wes-Kaap, nou langs hierdie weg met verteenwoordigers van die plaaslike en provinsiale media. So het Premier Winde op Donderdag, 2 April en weer op Donderdag, 9 April onderskeidelik saam met Minister Fritz, Wes-Kaapse Minister van Gemeenskapsveiligheid en met die Wes-Kaapse Minister van Onderwys, Debbie Schäfer en verteenwoordigers van die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 'n aanlyn mediakonferensie of "digicom" op die Premier se FB blad aangebied. Langs hierdie weg het hulle vrae wat vooraf ingesleutel kon word beantwoord en ook inligting deurgegee rakende die humanitêre maatreëls en veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls wat van tyd tot tyd in die provinsie in plek gestel word.

**Virtuele ervaring "positief" ervaar**

Die boodskap van Mnr Reinard Geldenhuys, ODM rampbestuurder wat plaaslik ook die woordvoerder van die mees suidelike NSRI stasie is, se boodskap aan inwoners en rolspelers in die streek is juis op Sondag, 12 April ook op die virtuele platform gekommunikeer.

Te oordele aan die positiewe reaksie van inwoners en ander rolspelers wat gepols is oor "hoe hulle hierdie alternatiewe manier van kommunikeer - wat ook heelwat tyd bespaar - ervaar", is die owerhede sonder twyfel op die regte spoor. Geldenhuys het besonderhede rakende die huidige stand van sake en uitdagings rakende die stryd teen #COVID 19 wat nog kom, gedeel. Een van hulle is die siftings- of te wel op Engels bekend as "screening" proses wat nog nie in hierdie streek ontplooi is nie. Dit sal volgens Geldenhuys help om 'n meer verteenwoordigende en geloofwaardige "stand van sake" te verkry.

**Ora Laubscher**

# Sewe polisiebeamptes in hof vir die smous van drank

**SWELLENDAM - Volgens berigte is voorgegee dat daar 'n inbraak by 'n drankwinkel op Bonnievale was en die sewe lede van die plaaslike polisiestasie, en in dieselfde skof, moontlik met 'n werknemer van die winkel saamgewerk het om die drank te buit.**

Volgens gerugte sou hul die drank later verkoop, maar 'n persoon wat die voorval dopgehou het toe hul die vrag aflaai, het alarm gemaak. Die sewe amptenare is in Bonnievale en Montagu inhegtenis geneem en sou Dinsdag in die landdroshof op Swellendam verskyn op 'n klag van onwettige verkoop van drank ingevolge die Wet op Rampbestuur.

* Twee persone het Maandag in die landdroshof op die dorp voorgekom nadat hul vir dwelmhandel gearresteer is tydens 'n klopjag wat op 'n huis uitgevoer is. Sowat 140gram kokaïen en 200gram Tik is in 'n badkamer en slaapkamer gevind asook kontant.

Coastal HIRE
Serving all your equipment hire needs

- Competitive **Rates**
- **Owner managed** stores
- Special rates for **long term** hire
- Only the **best brands**
- Outstanding **service**
- We **deliver** on site, on time

One more reason to... GO COASTAL

BREDASDORP
028 425 1833
071 604 5686
12 All Saints Street, Bredasdorp
bredasdorp@coastalhire.co.za
www.coastalhire.co.za

# Maureen James
## 25 August 1940 – 13 April 2020

**On Monday morning April 13th, Ashton Harris, brother of well-known and much-loved local resident, Maureen James, shared the following sad news regarding the passing of his sister with friends on his Facebook page:**

***"It is with sadness that I wish to inform all that my beautiful sister, Maureen James, 80 years of age, passed away during the early hours of the morning. Such short time together, but it was always laughter, happiness and non stop chatting. I am going to miss her."***

Ex school teacher Maureen and husband Peter James relocated from Cape Town more than a decade ago to settle in Napier. Once here, Maureen soon became involved in all aspects of local village life.

Maureen will be remembered as the ever-enthusiastic founder member of the Napier Handcraft Club who enthusiastically participated in all the club's activities and outings. With husband Peter, she travelled far and wide. The couple also often went on outings with fellow members of the MG Club of which Peter was an active member of long standing. Maureen was often seen driving around in one of their vintage MG's – all of them well looked after and coveted collectors' pieces. The red one, however, was Maureen's personal favourite.

As a lover of fine music, Maureen joined the Bredasdorp based akKOORd Choir of which she was a member for three years and will also be remembered by members of the Dutch Reformed Church's English congregation as an accomplished and very enthusiastic pianist.

She will be fondly remembered by her family members and by many friends and acquaintances from all over. Although Maureen was planning to relocate to Cape Town once more in the near future, mainly due to deteriorating health, part of her will without a doubt always remain in the Overberg and in rural Napier.

**Ora Laubscher**




**Wyle me. Maureen James saam met mede-lede van die Napier Handcraft Club. Maureen is op 13 April oorlede in die ouderdom van 80 jaar.**



**Leerders van Bontebok Primêr woon daagliks die voedingsprogram by in hul skooldrag om goeie dissipline in stand te hou.**

# *No legs / Nou worries*



**Anton Franken**

**Weereens welkom aan die lesers.**

Die week gaan ek 'n bietjie die lig werp rondom mobiliteit en toeganklikheid.

Elke oggend, en dan ook die daaglikse aktiwiteite vir 'n gestremde, verg deursettingsvermoë. Jy het 'n roetine wat jy volg vandat jy opstaan. Vir sommige is dit makliker as vir ander afhangende van die aard van jou besering en ouderdom. Meeste van ons probeer, sover ons kan, om onafhanklik te fuksioneer. Ons doen dit omrede ons nie ander wil belas met die probleem nie.

Party, tot seker 'n groot aantal mense, sit in die huis vasgekeer as gevolg van vervoerprobleme, of sien net nie kans om uit te gaan nie. Jy is dalk nie lus om te sukkel by plekke waar dit ontoeganklik is vir jou nie, want pleidooie val op dowe ore. Parkering bly 'n kwessie wat maak dat jy liewer tuis bly of dan by die sentrum omdraai en huisswaarts keer. Dit gebeur soms dat jy voel mense dink omdat jy in 'n rystoel is, jy intelektueel tekort skiet, daarom vermy hul dan aangeleenthede soos hier bo genoem.

Wanneer jy oorgenooi word na vriende of 'n besigheid of 'n geleentheid moet bywoon, is die eerste gedagte, is daar trappe? Is dit toeganklik om met my stoel rond te beweeg. Is daar ablusie geriewe?

Dit is 'n berekende faktor wat kan bydrae dat jou gemoedstoestand in sekondes kan verander.

Kom elkeen van ons wees sensitief vir die ander persoon en sy/haar omstandighede anders kan ons die persoon se dag ruïneer.

Ek gesels weer volgende week met julle. Groete tot dan.



**Anglican Church**
**Holy Eucharist at**
All Saints' Church: 09h30
Heilige Kommunie by Kerk van Heilige Gees: 07h30
028 424 1668

**Afrikaanse Protestantse Kerk**
Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihawe
2de en 4de Sondag van die maand om 10h00
Kontakpersone:
Jan Venter 028 388 0106
Annatjie Otto 028 381 99400

**AGS Bredasdorp**
Hoopstraat 50
Erediens: 09h30
Kinderkerk tydens diens
Walters Joubert
Sel. 082 897 6065

**Betanië Pinkster**
Akasiastraat 11
Sondagoggend: 10h00
Apostel Prins
076 208 3881

**Bet-el Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Sondagaand: 18h00
028 424 1922

**Bredasdorp Catholic Church**
All Saints, Anglican Church,
All Saints Street, Bredasdorp
Every Sundays: 11h30
Christmas Service 11h30 on Christmas Day
Contact Mark
028 424 2720 / 083 232 7138

**Bredasdorp Inter-Denominational Church**
ACVV Dienssentrum
Hopley Street
Sunday Morning: 09h00
Des Moore
076 191 4832

**BAH'A"I Sentrum**
Rekreasiestraat 2
Bredasdorp
Children's
Wednesday class: 15h30
Devotional Sundays: 10h00

**Die Ou Apostoliese Kerk van Afrika**
Sondagoggend: 09h45
Sondagaand: 16h45
072 259 5246

**Elohim Apostolic Church Ministries of S.A.**
54 Brand Street
Sundays: 10h00
Apostel Freek Europa
073 451 0161

**Evangelies Gereformeerde Kerk**
Golfstraat 4, Bredasdorp
Sondagoggend: 10h00
Kinderbediening: 09h00
Sondagaand: 18h00
Leraar: Ds. Dillwyen Jones
076 571 8782 / 028 424 2847

**Every Nation Gemeente**
(Ou Apteek)
Dirkie Uysstraat 18
Bredasdorp
Sondagoggend: 09h30
Eben 082 598 9199

**Gereformeerde Kerk Agulhas**
Plantasiestraat, Bredasdorp
Erediens: 10h00
Nico du Plessis
083 572 4952
028 424 1993 (n/u)
028 435 6099

**Hervormde Kerk**
H/v Viljoen & Plantasiestraat
Bredasdorp
Sondagoggend: 08h00
028 514 1546

**Kingdom Revival Community Ministries**
Welverdiend Biblioteek
Ou Meulestraat
Sondagoggend: 10h00
Navrae: Past Minnie Jantjies
063 190 5361

**Koninkryk Bediening**
Rolbalsaal, Agulhas
Erediens Sondagaand: 18h00
Woensdagaand, Bybelstudie: 18h30, N.G. Kerksaal, Agulhas
Past Jetro kruger
082 678 6266

**Metropolitan Evangeliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagaand: 18h00
Eerw. H. Kastoor
028 424 1820 / 072 607 3423

**Morawiese Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Woensdagaand: 19h30
H. Linnert
028 424 2497

**Morningstar Youth Five Fold Ministries**
(Arniston)
Sondagoggend: 09h30
Tel: 028 445 9224

**NG Kerk Bredasdorp**
**Sondagoggend : 09h30**
Sondagaand: Sien Kerkprogram

**NG Kerk Napier**
Engelse Diens: 08h00
Erediens: 09h30
Tel. 028 423 3457
Ds. Frikkie Marais
Sel. 083 664 6861

**NG Kerk Suidpunt**
Agulhas 08h00
Struisbaai 09h30

**Nuwe Apostoliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagskool: 11h00-12h00
Woensdagaand: 19h30
BREDASDORP
Sean Andrews
072 039 9461
NAPIER
George Diedericks
082 595 1363
STRUISBAAI
Karel Witbooi
073 012 3181

**Sewende Dag Adventiste Kerk**
Sabbatskool: 09h15-10h45
Erediens: 11h00-12h00
Leraar: P. Neuhoff
082 539 5478
Kontakpersoon:
S. Uitlander
073 020 2739

**South Point Interdenominational Church**
NG Church Hall
Cooper Street
Agulhas: 18h00
Des Moore
076 191 4832

**Suidpunt Christen Gemeenskap**
Hoofweg, Struisbaai
Oggenddienste: 09h30
Leraar: E.A. Mentor
079 340 1785

**The Church of Christ Jesus**
Struisbaai North
Morning Service: 11h15
Peet Zeeman / Mike Steventon
082 816 2789

**VG Kerk Bredasdorp**
Sondagoggend: 09h30
Sondagaand: 18h00
Tel. 028 424 1227

**VGK Kerk Struisbaai**
Struisbaai-Noord
Sondagoggend: 10h30
Ds. Willie Kleyn
028 435 6783

**Waenhuis Pinkster Arniston**
Steenbrasstraat 557
Sondae: 10h00
Pastoor P. Leonard
072 607 3423

# "Dra julle maskers" sê Minister!

## *Maskers steeds 'n gesprekspunt in die stryd teen die virus!*

**Sedert dag een was "hande was" en die dra van beskermende maskers die twee voorsorgmaatreëls waaroor die meeste geskryf, gepraat en saamgesels is. Hand higiëne was van dag een af ononderhandelbaar terwyl maskers beperk was tot hospitale, klinieke en winkelpersoneel wat diens lewer aan lede van die publiek.**

'n Beroep is oor die afgelope naweek op lede van die Suid-Afrikaanse publiek gedoen om gehoor te gee aan die oproep van die ministeriële taakspan om "maskers van lap" as addisionele voorsorgmaatreël te dra wanneer daar in die openbaar rondbeweeg word. Die publiek is ook summier van inligting voorsien aangaande die verskillende soorte maskers wat beskikbaar is met volledige instruksies oor *"die maak van jou eie masker van lap"*. Naaldwerksters uit onder meer plaaslike VLV geledere, het dan ook reeds die wiel aan die rol gesit toe hulle saam met die skropjasse vir hospitaalpersoneel sommer ook maskers gemaak en gelewer het!

**Hoe moet jou tuisgemaakte masker lyk en hoeveel is genoeg?**

T-hemp materiaal is sommer vanuit die staanspoor al afgekeur as "van geen waarde nie" met linne of katoen as die ideale materiaal tipes. Hierbenewens moet die lap, voordat dit in maskers omskep word, eers in baie warm water gewas, gedroog en gestryk word.

Twee lae word aanbeveel met 'n derde lagie wat ook wasbaar is as binnevoering of filter. Laasgenoemde is opsioneel, maar daar moet op gelet word dat slegs een masker nie voldoende is nie - die ideaal blyk te wees *"die een aan die bas, een in die was en een in die kas"* beginsel van ouds, want jou maser moet na elke dra deeglik in warm water gewas en weer gestryk word.

**Masker patrone – 'n teken van die tyd waarin ons ons self bevind!**

Maskers in verskillende kleure met of sonder blommetjies of onwerpe – een vir elke dag – mag dalk ook net daardie vervelige "Lockdown" roetine so 'n klein bietjie opkikker! Haal dus daardie naaimasjien van die rak af en laat waai en, stuur vir ons fotos van julle eindprodukte! Die deurskynende maskers wat supermark kassiere nou dra, verleen egter nie voldoende beskerming aanJan Alleman op straat nie! Wie het nou kon dink dat ons eendag hot en haar sou gaan soek na patrone om gesigmaskers van lap te kan maak – daar is selfs spesiale Star Wars maskerpatrone beskikbaar, spesiaal vir die jongspan of vir Star Wars entoesiaste van alle ouderdomme!

**Ora Laubscher**







**The recent announcement of the relevant Minister urging all residents of South Africa to "come to the table" to wear masks as a necessary precautionary measure when they move out of the confines of their own homes, was met with many enthusiastic responses from members of the public. Patterns for homemade masks are now readily available on social media and Youtube!**



**Wearing masks remains staff priority number one in local supermarkets. Transparent masks covering nose and eyes seem to be the preferred model for members of staff at the till pay points with bottles of hand sanitizers handy "to sanitize after every sale". OK in Napier is no exception to this golden rule! In the background the empty cigarette counter – another bone of South African contention - is clearly visible!**






**BO & REGS: Personeel en kliënte dra hulle maskers met trots om te wys hulle gee om vir hulle medemens se welstand. FOTOS: Mari-Siobhan Morton**

# Farmers and Agri Workers deserve special attention as they render an essential service!

## *Western Cape Minister of Agriculture takes delivery of the first of the 100 000 promised cloth face masks for Agri Workers in the Province*

***"Distell's decision to commit 100 000 litres of alcohol, to be used to produce sanitisers as well as a variety of other hygienic and sanitising products, should be lauded. It is an example of what is possible when a key role-player within the agriculture value chain displays good corporate citizenship by responding positively to the call for solidarity in our fight against the Covid-19 virus." (Minister Ivan Meyer, Western Cape Minister of Agriculture 14 April 2020)***

On Tuesday April 14th Minister Ivan Meyer visited the De Fynne Nursery in Paarl where he handed over the first of 100 000 cloth masks to be distributed to all agri workers across the Western Cape. He also paid the Distell Monis Production Plant, a section of which has been repurposed to produce alcohol-based sanitiser in response to the Covid-19 virus, a visit.

**Masks and hand sanitizer to be regarded as essential precautionary measures**

During the handover of masks, the Minister stressed that wearing the mask must be seen as a furthermore precautionary measure to halt the spread of the virus. He also emphasized the correct use, care and the correct procedures to adopt while wearing and taking off the mask.

The sanitisers will be distributed free to vulnerable communities across South Africa as a way to encourage good hygiene practices. The Minister also thanked all the farmers, agri workers and related businesses such as Distell for remaining steadfast in their commitment to food production in a safe and hygienic environment.

**Ora Laubscher**



**Minister Ivan Meyer, Wes Kaapse Minister van Landbou het op 14 April besoek gebring aan Distell wat onlangs 100 000 beskermende gesigsmaskers vir agriwerkers in die provinsie belowe het asook 100 000 liters alkohol wat vir die vervaardiging van hand saniteerder gebruik sal word.**



**Die Minister het daarna die eerste van die 100 000 beloofde lap maskers op 'n plaas in die Paarl gaan oorhandig aan die Agri Werkers.**

# INFO / INLIGTING

## AUCTIONEERS/ AFSLAERS

**Overberg Afslaers**

Eerste opsie, nie laaste uitweg!

Independentstr. 18
Bredasdorp
Tel: 028 425 3423
Sel: 084 614 1849

Besigtigingsure: Ma. - Do. 8 - 16:30 Vrydae 8 - 13:00
Vrydag voor veiling tot 16:00
Goeie gehalte, bruikbare items word ingeneem en verkoop: meubels, gebruiksartikels, oudhede en vele meer.
Vooraf en telefoniese aanbiedinge word ook aanvaar.
Kry ons ook op Facebook:
https://www.facebook.com/groups/454236327925759/

## AFDELINGSWINKEL

**Under Cover**
H/v Fletcher & Langstraat
Bredasdorp
Tel: 028 424 1113

**RUGBY**
* Puma & Adidas rugby boots
* Navy & white rugby shorts

**ACCESSORIES**
* Socks (Assorted colours)
* Mouth Guards
* Head Gear (Scrum Cap)
* Metal Tip - Studs

**SUMER SALE**

## ANTIEKE MEUBELS

*Antique Warehouse*
Goodshedstraat BREDASDORP
Tel. 028 425 1909 / Sel. 082 5677 835
Christo Geldenhuys koop en verkoop ongerestoureerde antieke meubels en boumateriaal

## AIR CONDITIONING

**GS AirMechElec Services**
082 543 8206
• Air-Conditioners • Cold Rooms
• Commercial Refrigeration
• Electrical Contractor
• Borehole Pumps & Water Solutions
• Windmills
*Based in Napier servicing the Overberg*
SUPPLY, SERVICE & MAINTENANCE

## ARTS & CRAFTS

**Kira's**
Winkel 4, Van Riebeeckstraat, Bredasdorp
Tel/Fax: 028 425 3918
WOOL * CRAFT
PACKAGING * GIFTS
Winkel-ure:
Maandag tot Vrydag 09h00 - 17h00
Saterdag 09h00 - 12h30

**BOEKE - BOEKE - BOEKE**
NUWE EN 2de handse boeke by Suiderpers te koop vanaf R10 - R500.
Afrikaans en Engels.

## BELIGTING / BLINDS

**BLINDINGS VIR STRUISBAAI**
**Kwaliteit blindings direk van vervaardigers.**
Ook kwotasies in Bredasdorp en Waenhuiskrans.
**Johan Oosthuizen**
Tel: 028 435 6118 | Faks: 028 435 6464
Sel: 082 902 6412

Cherie Schlebusch
Tel: 028 424 2925
Inex Lighting
Lamps, Fittings & Blinds
YOUR LIGHTING & BLINDS SPECIALIST
Taylor
Quantum
All Saint Street, Bredasdorp, 7280

**Kozi curtains & blinds**
measure, make-up and installation
cobus 0799047392

## BOUERS / BUILDERS

**Diedericks Konstruksies**
Geregistreerde Asbes Kontrakteurs
Langstraat 164
Bredasdorp, 7280
Sel: 072 705 9044
Tel: 028 424 1787
E-pos: demasdiedericks@gmail.com
KONTAK Demas
VIR ALLE BOUWERK, CONCRETE, PAVING, VERFWERKE EN SKOONMAAK VAN DAKKE

**BH BUILDERS HARDWARE**
*and secondhand building material*
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
Tel: 028 4252 911
Faks: 028 425 1031
E-pos: admin@bhgroup.co.za
Kontak: Marius Cronje
*The 911 for all your building supplies and hardware in the Cape Agulhas Region.*

**ELS BOUERS**
Geregistreerd: NHBRC, CIDB, BBR.
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
**Bouwerk van huise, store, aanbouings en restourasiewerk**
Kontak: Ockie Els
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
Sel: 082 570 0318
elsbouers@goggaconnect.co.za

## CARPET CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
**CARPET & UPHOLSTERY CLEANING SERVICES**

## GLAS

**SUIDPUNT GLASS & ALUMINIUM CC**
Plaaslike Vervaardigde Produkte
Vensters • Skuifdeure • Balkonrelings
Shopfronts • Stortdeure • Spieëls
Houtvervanging
Aluminium Diefwering
Tel./Faks: 028 435 6050/Sel. 082 380 1061

## GESONDHEID/HEALTH

DR. J E MYBURGH
DIAGNOSTIESE RADIOLOOG/ DIAGNOSTIC RADIOLOGIST
Diagnostiese x-strale, Sonars
Dirkie Uysstraat 11, BREDASDORP
TEL/FAX: 0284242153
GANSBAAI
Mammogramme / xstrale / sonars
TEL: 028 384 0048
Ons hanteer u Mediese Fonds eis

## HANDYMAN / NUTSMAN

**SUIDPUNT NUTSMANNE**
• Verf • Teël
• Instandhouding
• Waterdigting
Jaco 076 509 3634
jaconeet@gmail.com

## HERSTELWERK

**MBC Herstelwerke**
•Vervaardig en oprigting van staalkonstruksies
•Geregistreerde bouer van sleepwaens (SABS)
•Algemene instandhouding van plaasimplemente
•Algemene sweiswerk
Tel/Fax: 028 425 1825
Sel: 082 922 6733 / 082 922 6734
Email: mhmbc@webmail.co.za

## HOME IMPROVEMENTS

**MultiCoat Home Improvements**
All Paint Products
Laminated and Vinyl Flooring
PVC Ceilings
Tel: 028 424 2925
C/O All Saints & Dirkie Uys, Streets, Bredasdorp

## HUISHOUDELIK

**TUPPERWARE BRANDS**
For home | For health | For life
-FREE delivery to your home or workplace
- For Your Latest SPECIALS Flyer
- : Zorinna on 076 239 6958
- @: zorinnaj@yahoo.com
(Earn Extra CASH and FREE Tupperware when JOINING)

## LANDMETERS & STADSBEPLANNERS

**Town & Country**
Creative Land Solutions
Tel: 028 424 1545
Faks: 028 425 2085
Topografiese Opmetings
Bakenherplasings
Hoogtesertifikate
Ingenieursopmetings
Onderverdelings
Serwitute & Konsolidasies
Regstelling van Grense
**FRANK TRUTER: 083 412 4698**
**PROFESSIONELE LANDMETER**
Ontwikkelingsuitlegte
Onderverdeling van erwe en plase
Hersonering & Afwyking
Vergunningsgebruike
Opheffing van Beperkings
**LOUNA TRUTER: 083 481 3603**
**PROFESSIONELE STADSBEPLANNER**
Fletcherstraat 28, BREDASDORP

## LAUNDRY/ CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
**LAUNDRY**

suidernuusads@isat.co.za
Info Advertensie
tel: 028 424 1205/16

**12 weke @**
**R400 vir enkelspasie**
**R800 vir dubbelspasie**

# Is virtuele klaskamers die antwoord noudat niemand mag skoolgaan nie?

## "Google classroom" - 'n virtuele eerste en "kopskuif ervaring" vir ouers en kinders in hierdie tyd

**"Google Classroom" word omskryf as 'n gratis virtuele klaskamer platform wat dit vir leerders en opvoeders moontlik maak om binne, sowel as buite die klaskamer, met mekaar te kommunikeer. Langs hierdie weg kan opdragte, antwoordstelle, kommentaar, vrae en antwoorde papierloos oor en weer in die kuberruim deurgegee word. Die ideale speelveld in 'n omgewing waar leerders - soos nou – nie fisies kan skoolgaan nie, maar tog aan die gang gehou moet word. Dit is egter ook 'n feit dat rekenaars, slimfone of tablette en 'n internet verbinding 'n voorvereiste is om op die "google classroom" platform rond te beweeg.**

Terwyl die oningewydes met die intrapslag vreemd en onseker voel in die virtuele klaskamer, blyk dit nie die ervaring te wees van die leerders wat in die skoolklaskamer al so 'n klein voorsmakie daarvan gehad het nie. Baie skole stel naamlik hulle leerders in die klaskamer bekend aan die google classroom konsep. Langs hierdie weg kan hulle dan in groepsverband of individueel in hulle rekenaarsentrums na hartelus kommunikeer met mekaar en met hulle opvoeders.

Wanneer die virtuele klaskamer op die skoolterrein met 'n juffrou en klasmaats byderhand egter hierdie bekende fisiese skool- en klaskamer opset volledig begin vervang, ervaar leerders – so wil dit voorkom - die *"google classroom"* konsep heeltemaal anders.

Geagte Ouer / Dear Parent

Hieronder is 2 skakels na webblaai wat deur leerders gebruik moet word om hul te help met hul skoolwerk vir die 2de kwartaal. Die eerste is die WKOD se eie webblad en u het geen data daarvoor nodig nie. Die tweede is Vodacom se webblad en Vodacom-gebruikers het nie data daarvoor nodig nie.

Herewith are 2 links to websites that the learners must use to help them with schoolwork for the second term. The first is the WCED own website for which you do not need any data. The second is the Vodacom website for which Vodacom users do not need any data.

**WKOD-webblad / WCED-website:**

https://wcedeportal.co.za/

Sodra die webblad oopmaak, kliek op die Menu (3 strepe, regs bo, langs vergrootglas) en kliek daarna op School Closure Pack waarin u dan verskeie opsies sal sien. Hier moet u besluit waarop u u kind wil laat fokus. Daar is ook 'n verskeidenheid speletjies wat u kind sal help om sy / haar basiese kennis te verbreed. Indien hul speletjies speel, moet dit volgens hul ouderdom en graad wees.

When the website opens, click on the Menu (3 stripes at the top to the right, next to the search icon) and next klick on School Closure Pack where you will see a variety of options. Here you need to decide on what you would like your child to focus. There are also a variety of games which will help your child to broaden their basic knowledge. Please let them play the games according to their age and grade.

**Vodacom-webblad / Vodacom-website**

https://www.vodacom.co.za/vodacom/services/vodacom-e-school

Om hierdie webblad te gebruik, moet u u kind registreer, dit is GRATIS. Daarna sal die verskillende grade verskyn. In elke graad is die verskillende vakke. U maak die keuse van graad en vak en laat u kind werk. Die webblad dui u kind se vordering aan, sodat u kan kontroleer wat u kind reeds gedoen het.

To use this website, you must register your child. It is FREE. After registering, the different grades will appear. In each grade you will find the different subjects. You choose the grade and subject and let your child work through the activities. The website do show your childs progress for you to monitor his / her progress.

Sterkte en bly tuis. Keep safe and stay home.

### Almal moet nou aanpas en kopskuiwe maak ....

Die voorheen "bekende virtuele spasie" word nou omskep in iets wat minder bekend en derhalwe ook minder vriendelik is, iets wat ook heelwat aanpassings en kopskuiwe van die die leerder vereis. Die tydsfaktor en selfdissipline begin nou ook 'n rol speel, want daar word nou van hulle verwag om virtueel te leer en te studeer en tuiswerk moet ook betyds ingestuur word.

Dit is egter nie net die leerders wat moet aanpas nie! In die virtuele klaskamer het elke opvoeder sy of haar eie spasie waarop inligting en opdragte aan leerders deurgegee word en hulle moet net so hard agter die skerms werk en navorsing doen om inligting op die platform te kry en terugvoer te gee – individueel en in groepsverband. Vir opvoeders wat nie so tuis is in die virtuele omgewing nie, wag daar ook heelwat aanpassings.

### Uitdagings is meer maar kan ook positief wees!

Hierdie werkswyse bring eiesoortige spanning na die huiswerktafel – nie alleen vir die leerder nie, maar ook vir die persoon of persone wat met tuiswerk moet help. Indien alle betrokkenes en alle rolspelers egter die "google classroom" en sy virtuele werkswyse as 'n opwindende nuwe uitdaging gaan benader - een waaruit 'n mens baie kan leer en wys word - dan is ons op die regte spoor! Dan word virtuele leer en studeer ook "lekker" – soms veel kekkerder as leer in die klas in die skoolbank in die klaskamer! Veral wanneer die opvoeders ook so nou en dan sorg vir 'n lekker virtuele pret aktiwiteit of twee wat "die hele klas" saam kan doen!

### Pak nou die bul by die horings!

Met die voorspooksels oor "nog 'n maand of twee drie van afsondering" op die tafel, is hierdie virtuele aanlyn metode van leer en studeer dalk een van die dae die norm en nie meer die uitsondering nie! Dan sal biblioteke en leersentrums wat op die oomblik nog "toe" is egter ook georganiseerd na die tafel moet kom, want almal beskik nie oor al die tegnologiese hulpmiddels nie.

Op eie bodem is ouers ook reeds op onder meer De Heide en Protea Primêr se Facebookblaaie ingelig oor beskikbare virtuele aanlyn platforms waar ouers kan gaan aanklop om hulp ten einde hulle kinders "op datum" en besig te hou! Die skakels na die twee webblaaie volg:

**WKOD webblad:** https://wcedportal.co.za Geen data is nodig wanneer van hierdie gratis diens gebruik gemaak word deur ouers en leerders nie.

**Vodacom webblad:** https://www.vodacom.co.za/vodacom/services/Vodacom-e-school. Die vodacom e-skool inisiatief wat al geruime tyd gelede in samewerking met die BEANS sentrum op Bredasdorp aan skole en student bekendgestel en uitgedra is, is gratis vir vodakom kliënte.

**Ora Laubscher**






**Jong kinders leer meestal hoe om op 'n situasie te reageer, deur die voorbeeld te volg van die volwassenes wat hul versorg. Die Corona-Virus stel sekere uitdagings, omdat dit 'n onbekende situasie is waarin ons onsself bevind en kundiges nog nie oor al die antwoorde beskik nie. Ons kan wel jong kinders ondersteun en hul gevoel van veiligheid optimaal ontwikkel deur dit wat ons weet, op 'n ouderdomsgepaste manier aan hulle oor te dra.**

Hou die volgende riglyne ingedagte om jou kind emosioneel te ondersteun:

**1. Wees bereid om daaroor te praat**

Kinders is op dié stadium baie bewus van die virus. Hulle sien mense wat maskers dra en is self ingeperk by die huis. Wanneer hulle vrae na vore bring, is dit jou geleentheid om hul van gepaste informasie te voorsien! Maak seker jy dra dit op 'n kalm manier oor – hoe jy dit oordra, is hoe jou kind dit ervaar.

**2. Is daar 'n perfekte tyd om die Corona-gesprek met my kind te voer?**

Vermy sensitiewe tye, byvoorbeeld die paar minute voor jou kind bed toe gaan, selfs deur die dagwanneer jy of jou kind moeg (en moontlik frustreerd is). Maak seker jy is ten volle beskikbaar en teenwoordig wanneer jou kind wil gesels. Erken jou kind se gevoelens deur byvoorbeeld die volgende te sê: "Dit klink of jy baie bekommerd is", "Ek verstaan dat jy bang voel". Vir meeste kinders is dit al wat hul benodig – iemand om hul vrese en bekommernisse mee te deel.

**3. Wees Ouderdomsgepas**

Probeer om slegs jou kind se vrae te antwoord in stede van onnodige inligting te deel wat oorweldigend kan wees. 'n Kleuter het slegs die basiese informasie nodig om sin te maak van die situasie in vergelyking met 'n tiener wat moontlik met meer vrae en kommernisse kan presenteer.

**4. Fokus op Realistiese Denke**

Vir skoolgaande kinders, is dit belangrik om nie té veel gerusstellingverklarings te maak nie. Vermy woorde soos: "Moenie bekommer nie", "Daar is niks om bekommerd oor te wees nie", "Niks gaan verkeerd gaan nie". Dit is nie nuttige informasie nie en dit kan nie gewaarborg word nie. Navorsing dui daarop dat kinders geneig is om meer angstig te reageer wanneer ouers hierdie tipe stellings maak. Dit weerhou ook jou kind daarvan om hul eie vermoë om rasioneel te redeneer en kalm te bly, te ontwikkel. Fokus liefs op realistiese denke. Moedig dit aan deur die volgende vrae: "Wat dink jy kan jy doen om minder bekommerd te wees?", "Wat het jou die vorige keer gehelp toe jy oor iets bekommerd was?", "Wat dink jy kan jy vir jouself sê wat sal help om minder bekommerd te wees?"

**5. Wat van kinders wat oormatige angs ervaar?**

Kinders wat hoë vlakke van angs ervaar, verwag die ergste in enige situasie. Hierdie kinders benodig spesiale strategieë om realisties te dink. Een hiervan is om hul aan te moedig om as 'n 'speurder' of 'wetenskaplike' in hul denke op te tree wanneer hulle bekommerd is. Moedig die kind aan om feite oor die situasie te bekom en hulself vrae te vra soos: "Hoe waarskynlik is dit?", "Wat is die mees waarskynlikste wat sal gebeur?". Om te fokus op die feite sal jou kind help om nie die situasie buite proporsie te blaas nie.

**6. Fokus op Probleemoplossings**

Probleemoplossing in 'n kind, is 'n baie goeie vaardigheid om te ontwikkel. Dit kan help om juis oor jou kind se (soms oordrewe) kommernis te praat. Byvoorbeeld: "Veronderstel ons moet langer in ons huise bly, wat sal ons doen? Hoe gaan ons dit hanteer?", "Veronderstel een van ons word wel siek, wat sal ons doen?". Dit help die kind besef, dat selfs indien sy kommernisse waar word, ons wel 'n plan kan maak en dit hanteer.

**7. Bemagtig jou kind**

Bemagtig jou kind deur te fokus wat hul SELF kan doen om veilig te bly. Wys hul hoe om hul hande korrek te was, hoe om 'n masker te dra en hoe om op 'n gepaste manier te hoes en nies. Kleuters geniet hierdie illustrasies terdeë.

**8. Volg 'n roetine**

Skole is wel gesluit en almal is in 'n vakansie luim, maar dit is nou die ouer se verantwoordelikheid om jou kind se dag te struktureer. Skep gestruktureerde tye vir etes, skoolwerk en speeltyd. Roetine laat 'n kind veilig voel, aangesien die kind dan weet wat om te verwag. Met al die huidige onsekerhede, kan 'n roetine dus daardie behoefte aan veiligheid vervul.

**9. Bestuur jou eie angs**

Indien jy ervaar dat jy angstig voel, vat tyd om jouself te reguleer voor jy 'n gesprek met jou kind aanpak en vrae rakende die virus antwoord.

**10. Moet ons die nuus vermy?**

Probeer jou kind weerhou van sensasionele nuus wat vrees skep. Hierdie tipe nuus sal waarskynlik branstof in hul angstenk voeg en die ontwikkeling van realistiese denke hinder. Fokus op nuus wat akkurate feite verskaf. Om nuus oor die algemeen te vermy verhoed jou kind van geleenthede om te leer dat hul selfs uitdagende en moeilike situasies kan hanteer.

Sommige kinders sal hierdie situasie uiteraard meer uitdagend ervaar as ander. Sommige kinders mag moontlik reeds in die verlede met angstigheid gepresenteer het en hierdie omstandighede sal waarskynlik voorafgaande kommer vermeerder. Indien jy bekommerd is oor jou kind se emosionele welstand, is dit raadsaam om professionele hulp te bekom. Jou plaaslike dokter kan hiermee help of 'n verwysing verskaf na 'n gepaste Sielkundige of Spelterapeut.

# INFO / INLIGTING

## LOGGING


**FYNBOS POLE DEPOT**

Website www.fynbospoles.co.za

- POLES & SPLITPOLES (CCA TREATED)
- DROPPERS & LATHS
- RUSTIC & CLEAR-CUT PLANKS
- WOODCHIPS & SAWDUST
- WENDYHOUSES
- FIREWOOD

Fynbos Wendy's

WENDY HOUSES & TOOLSHEDS

NUTEC BOARD OR PINE CLADDING

& VARIOUS UPGRADES TO CHOOSE FROM

FINANCE AVAILABLE

C:028 384 1587 | T: 072 858 2822

E: fynboswendy@outlook.com

Web: www.fynboswendy.co.za


## LOODGIETERS


Louw's Loodgieters

- Alle loodgieter Konstruksie en instandhoudingswerk
- Geyser probleme, Wasmasjiene/Skottelgoedwasser Installasies
- Gebarste pype of druppende krane, Verstopte riole
- Gemagtigde Kwikot, Franke, Duratherm & Heat Tech Geyser agent
- Solar (pv) sonkrag stelsels vir huise, plase ens.
- Op meeste versekeringsmaatskappye se paneel van loodgieters.

Sel. 082 922 1378 Tel/Faks: 028 435 7854

E-pos: tlouw@mweb.co.za

Hoofweg 81, Posbus 486 STRUISBAAI 7285

Suidpunt Loodgieters

VIR ALLE LOODGIETER WERK

Overberg Area

• maintenance • renovations • leak detection • drainage • construction • septic tanks

Cornelius Streicher

084 589 3218 / 084 569 2208

suidpuntloodgieters@gmail.com

Die herstel en installering van geysers

Alle versekerings werk is welkom

7 dae beskikbaar

GEREGISTREERDE EN GELISENSIEERDE LOODGIETERS (PIRB)


## MATWASDIENSTE


Suidpunt Matwasdiens Bredasdorp

Stoomskoonmaak van matte, motors en meubels

Caryn 079 652 4101 • Stephan 078 206 3660

shfeldmann@gmail.com

Facebook: Suidpunt Matwasdiens


## OUTDOORS


ADVANCED TREE FELLING

Struisbaai / Overberg

FULLY INSURED

Seb: 066 577 5705


Suidernuus aanvaar geen verantwoordelikheid vir meer as een foutiewe plasing nie. Krediet kan ook nie toegelaat word vir geringe foute wat nie die waarde of impak van die advertensie raak nie. Geen krediet vir foute in enige advertensie in Suidernuus, tensy binne 48 uur na publikasie gerapporteer.

## PLANT HIRE


OJ PLANT HIRE

Goodshedstraat 5, Industriële gebied, Bredasdorp

Tel: 028 425 1831

Faks: 028 425 2093

Sel: 082 570 0318

E-pos: sandmine@telkomsa.net

VERHURING VAN: DIGGERS, EXCAVATORS, VRAGMOTORS & KONSTRUKSIETOERUSTING. FILLING, SAND & KLIP, GRONDVERSKUIWING.


## PROKUREURS / ATTORNEYS


DIRK UYS

PROKUREURS | ATTORNEYS

LANDBOUREG | ERFREG

EIENDOMSREG | KONTRAKTEREG

OMGEWINGSREG | LITIGASIE

Tel: 028 425 1331

Sel: 073 614 9954

Langstraat 25, Bredasdorp

admin@uyslaw.com

https://uyslaw.com


## SCREENS / SKERMS


FLY AWAY SCREENS

ALUMINIUM MAGNETIESE INSEKSKERM

HOU VLIEË, MUSKIETE, KRUIPENDE INSEKTE EN SELFS KATTE UIT!

KONTAK HANS OF WOLLY VIR N GRATIS KWOTASIE.

028 423 3537 or 083 675 4110 or 082 454 9467

hans@yizani.com

www.flyawayscreens.mystrikingly.com


## SECURITY


MultiCoat Security

Trellis Gates & Windows

Clear View Burglar Bars

Tel: 028 424 2925

C/O All Saints & Dirkie Uys Streets, Bredasdorp


## TANDARTSE / DENTISTS


DR GERALDINE HEIM

HEUNINGBERG GEBOU

LANGSTRAAT

BREDASDORP

028 424 1811


## TANDARTSE





Tandarts

Dr. Thereza Scholtz

Mondhigiënis

Elaine Stoman

Tel. 028424 2931 Faks: 028 424 2941

Kerkstraat 71• BREDASDORP

(OORKANT OK FURNITURE)

TANDARTS / DENTIST

Dr. WP Scott

&

Dr. WT Scott

028 424 1250

drscott.reception@gmail.com

Cnr. All Saints & Dirkie Uys Str., Bredasdorp

*Emergency number - 071 671 0957*

TANDARTS / DENTIST

DR COENIE ZONDAGH

TEL: 028-4252451

Langstraat 50 * BREDASDORP

(By Dr Barto Saayman)


## TE HUUR / FOR RENT




HONEY SUCKER

(Sewerage)

Truck for Hire

AVAILABLE 24/7

PLEASE CONTACT

GLORIA

0833777437 or

gloriamc951@gmail.com


## VERVOER / TRANSPORT


OVERTRANS

VERVOER & LOGISTIEKE

Vir die vervoer van kalk, gips, graan en ander produkte.

Louis: 082 376 9006

Kantoor: 082 457 2839

Faks: 086 511 7073

e-pos: admin@overtrans.co.za





## VERWER / TEËLLÊER PAINTER / TILER


Boetie Jacobs

- MEESTER VERWER / MASTER PAINTER
- OPKNAP VAN HOUTWERK / RENOVATION OF DOORS & WINDOWS
- TEëLWERK / TILING

Tel: 082 545 8586

REFERENCE:

DR. JOHANN VAN DER MERWE - 028 423 3001


## WATERDIGTING


ELS WATERDIGTING

"Jou gat - my probleem"

Goodshedstraat 5

Industriële Gebied

Bredasdorp

Konstruksiewaterdigting, Reservoirs, Damme, Kanale, Verfwerk, Geregistreerde Asbeskontrakteur

Tel: 028 425 1831

Faks: 028 425 2093

Sel: 082 593 3880

E-pos: freddels@telkomsa.net

Kontak: Freddie Els

ALCOHOLICS ANONYMOUS NAPIER GROUP

082 332 8454

# 16 April 1686 : 334 jaar later gaan ons op die spoor van bemanningslede en passasiers van die gestrande Nossa Senhora dos Milagros

**Hierdie week neem ons ons lesers op nog 'n virtuele besoek aan die Bredasdorpse Skeepswrakmuseum. Op Donderdag, 16 April 1686 het die Portugese seilskip die *Nossa Senhora dos Milagros* tydens 'n vaart vanaf Goa in Indië aan ons mees suidelike kuslyn in die omgewing van Struisbaai gestrand.**

Die seilskip was onderweg na Portugal met "geskenke vir konings" aan boord. Die waardevolle geskenke was afkomstig van Koning Phra Narai van Siam en was bedoel vir Pedro, koning van Portugal, Louis XIV van Frankryk en Koning Charles 11 van Engeland. Aan boord was drie Rooms Katolieke priesters en twee Siamese ambassadeurs wat gesamentlik toesig moes hou oor die waardevolle geskenke. Gaan lees gerus op wat navorsers alles geskryf het oor hierdie historiese skeepswrak waarvan die Skeepswrakmuseum ongelukkig nie veel in die vorm van artefakte ontvang het nie. Die stukkie geskiedenis is egter wel verewig in die skeepswraksaal waar besoekers kan gaan kyk hoe die Portugese seevaarders van die tyd en hulle skepe daar uitgesien het!



**'n Staptog oor rowwe terrein in delikate leerskoentjies!**

In die skeepswraksaal is daar ook 'n voorstelling, in 'n glaskas, van die mondering waarin die Siamese ambassadeurs die lang pad via Hermanus van vandag en daarvandaan oor die Hottentots Holland berge te voet aangepak het. Die skipper van die gestrande skip was naamlik onder die indruk dat hulle slegs twee dae se stap van Tafelbaai af was en op sy aanbeveling is die staptog toe aangepak. Onderweg het die span kennis gemaak met baie agterdogtige lede van 'n inheemse Khoi-stam wat geweier het om diamante te aanvaar in ruil vir kos – hulle het tabak as ruilmiddel verkies, maar het later tog ingewillig om haarversierings van suiwer goud te aanvaar. So honger was die Siamese stappers egter dat hulle volgens die aantekeninge in die stappers se dagboek, uiteindelik ook die einste delikate leerskoentjies gebraai en geëet het!

**En toe oorval dieselfde stormsee Struisbaai se gewilde Nostra restaurant!**

Daar is vir jare lank gesoek na die wrak van die Nossa waarvandaan die skatte wat vir die konings bedoel was destyds al spoorloos verdwyn het. Die Nossa lê volgens oorlewering in die selfde omgewing onder die sand begrawe as waar Struisbaai se baie gewilde Nostra restaurant eens op 'n tyd gestaan het. Beide die Nossa en die Nostra het egter aan die einde van die dag die hoof gebuig voor die aanslae van die mees suidelike stormsee. Die plek waar die Nossa meer as 3 eeue gelede gestrand het, is in 2003 gedeeltelik oopgeblaas deur bergingsdeskundige Charles Shapiro en plaaslike navorsers Jan, Ingrid en Martin Lourens. Artefakte van hout, seepsteen, porselein en ivoor is in die proses as bewyse uitgegrawe.

**Ora Laubscher**

**ABOVE & BOTTOM: This week's virtual museum visit focuses on the wrecking of the Nossa Senhora dos Milagros, an East Indiaman of Portuguese origin, in the vicinity of the present day Struisbaai on April 16th 1686. The pilot and captain told the survivors amongst others two Siamese ambassadors that they were only one- or two-days' march away from the VOC settlement at Table Bay after which the party set off on foot in high hopes. A model wearing the red costumes similar to those worn by the 17th century Siamese dignitaries is on display in a glass case in the Bredasdorp Museum's Shipwreck hall.**





# Storietyd saam met: *Tannie Aspatat*

Liewe kinders. My hart spring sommer van pure lekkerkry. Twee van my ou kabouter vriende het kom aanklop en hulle wil saam met my soek na stories om vir julle te kan vertel. Ja, Kabous sal my help soek na stories, maar ou Lummellui, ag nou ja, hy sal seker heeldag slaap. Dan het Dimpel, 'n pragtige spierwit duif wat gewoonlik vir my die briefies wat jul na Suidernuus instuur, ook kom hallo sê. Groot was my verbasing toe Aggenee, die apie net na Dimpel ook hier aangestap kom. Julle weet, hy is so ondeund en bak altyd poetse op Kabous en Lummellui, dan sê Kabous: "Aggenee Apie!!!! (Vandaar sy naam!) Hier gaan verseker nog baie ander vriende by my kom kuier - miskien kry ek kans om julle meer van hulle te vertel.

Vandag wil ek julle vertel van Ferdinand die Fluitspeler. Die storie is geskryf deur Bernadette Watts en vertaal deur Petra Gritter. Die storie gaan oor Ferdinand, 'n jong man wat pragtig kon fluitspeel. Sy meisie, Brigitte, was 'n kleremaakster en hulle was albei baie arm. Eendag ontmoet Ferdinand 'n ryk meisie en raak verlief op haar. Na 'n tyd besluit die twee om te trou en die meisie gaan na Brigitte om haar trourok te laat maak. Arme Brigitte, foeitog sy was so hartseer.

Ferdinand, wat intussen van arme Brigitte vergeet het, sien haar waar sy by die venster staan en skielik besef hy dat hy besig is om 'n vreeslike flater te begaan. Gelukkig is hy mans genoeg om dit te erken, anders sou ons storie nie 'n gelukkige einde gehad het nie, want Ferdinand en sy Brigitte kom toe weer by mekaar uit.

Dit is altyd beter om te erken wanneer jy verkeerd was en dan sommer dadelik reg te maak wat jy verbrou het, nê?

Soos ek verlede week verduidelik het, is daar 'n nare ou virus wat deesdae hier in ons land rondsluip, en nou moet almal by die huis bly. So nou moet julle vir mamma of pappa vra om jul briefies of tekeninge aan my met die selfoon af te neem en dan te w/app na 072 308 4140. Moenie vergeet om jou naam, van en ouderdom by te sit nie.

Tot volgende keer

***Tannie Aspatat***

# MISSING PERSON

**ACVV Bredasdorp request information regarding the whereabouts of Akhona Ngwityi. Her last known address was Remhoogte farm / Bredasdorp. Anyone with information to contact Social worker Tammy Kayser at 028 424 1450.**


**Maandag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radio Drama / Musiek
13:00 Elsenburg Forum
14:00 Nuus / Weer / Musiek
14:30 Musiek
15:00 Kaviaar vir 'n Springbok
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:00 Pof gesels
21:00 Fabuolous 50's (Herhaling)
22:00 Van Toeka tot nou (Herhaling)
23:00 Deumag Musiek

**Dinsdag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
11:00 Wat saak maak
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radio Drama / Musiek
13:00 Musiek
14:00 Nuus / Weer / Musiek
14:30 Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 GCIS / Musiek
19:00 Met 'n ander oor
20:00 Let's Talk
22:00 Swing, Sing and All that Jazz
23:00 Make a Difference (Herhanling)
00:00 Deumag Musiek

**Woensdag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Ommie Tafel
09:30 Kloutjie by die oor
10:00 Ommie Tafel
11:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Musiek
13:00 Op die Boekrak
14:00 Middag op Overberg
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:00 Municipal Matters
19:30 Actuality / Music
20:00 Caravan
22:00 Leonore (Jazz)
23:00 Deumag Musiek

**Donderdag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
09:30 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radiodrama / Musiek
13:00 Musiek
14:00 Nuus en Weer / Musiek
14:30 Afr Aktualiteit / Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 GCIS / Musiek
19:00 Rock Rebellie
22:00 Deumag Musiek

**Vrydag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radiodrama / Musiek
13:00 By die Plaashek
14:00 Musiek / Nuus / Weer
14:30 Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:30 Musiek
20:00 Breyani
23:00 Deumag Musiek

**Saterdag**
06:00 By Die Plaashek (Herhaling)
07:00 Pof Gesels (Her)
09:00 Fabulous 50's
10:00 #Teenzone / Musiek
12:00 The Midday Shift with Marquin
14:00 Maroela Top 20
15:00 Saterdag Musiek
18:00 Boeretroos in die Overberg
20:00 Country met Pof
22:00 Jazz till midnight
00:00 Deumag Musiek

**Sondag**
06:00 Dagstukkie en Musiek
07:00 Arise
09:00 Bybelstorie en Musiek
10:00 Kruispad
11:00 Metronoom
12:00 Afrikaanse Gospel
13:00 Jazz is Soul
14:00 Sunday Blues
16:00 Wat saak maak (Herhaling)
17:00 Make a difference
18:00 Van toeka tot nou
19:00 Breyani Gospel
21:10 Kruispad Herhaling)
22:00 Plattelanders Omnibus
00:00 Deumag Musiek

**Tel: 028 424 2877 / sms: 082MYRADIO www.radiooverberg.co.za** *Registration no: NPO 088-728*



# Diere en eienaars oneindig dankbaar!

**So tussen die werf-arres deur het Napier se inwoners darem nog tyd en energie om wanneer hulle toevallig in die omgewing rondbeweeg, verlore honde af te neem en te rapporteer op die sosiale platforms waarvan die dorp baie het! Hierdie viervoet is opgemerk en as verlore geoormerk in die omgewing van die plaaslike vulstasie.**



Wat betref die beweging van die kant van inwoners om ook uit te reik na viervoetige vriende gedurende die werf-arres tydperk, het mnr. Ivan Boshoff ook gerapporteer dat die dierekos inisiatief nou onder die hutsmerke #happy cats #happy dogs #lockdown #stay at home in samewerking met me. Ingrid Marti - wat ook die gereelde dip en was inisiatiewe op die dorp dryf - behartig word. Hy rapporteer dat die inisiatief vrugte afwerp en dat troeteldier eienaars wat swaarkry en sukkel om hulle honde en katte ook nog te voed met 'n skrale of geen inkomste nie, die uitreik inisiatief met albei hande omarm het. Waar diere gewoonlik net dankbaarheid betoon wanneer daar aan hulle goed gedoen word, word hierdie projek ook deur diere eienaars in dieselfde gees ontvang!

Ora Laubscher



**BO & LINKS: Wessel van Zyl van Bredasdorp, het Donderdagoggend die takbok op die Elandskloofpad gekry, heel verstrengel in hakkiesdraad. Hy het veearts Hensie Lategan verwittig wat weer vir AJ Scheuble gebel het, waarna die en Stofpad die bok met 'n draadtang gaan losknip het. Die bok het seker Woensdagnag of Donderdagoggend vroeg gaan vrou soek, want dit is nou paartyd en liefde maak glo blind. Rudolf is terug na Kersvader en hang hy nie aan 'n hak om biltong te word nie.**

# Reënvalsyfers bekend vir Maart

**Maart se syfers was heelwat laer as die van Februarie. Tog het heerlike reën oor Swellendam uitgesak waar vir die maand 58mm aangeteken is.**

Overberg Agri berig dat in hul opvangsgebied, daar op Napier 5,5mm gemeet is, 11mm op Klipdale, 19.2mm op Protem en 6mm op Bredasdorp.

SSK op Swellendam het die volgende syfers deurgegee: Die dorp soos genoem 58mm, Riversdal 21mm, Herold 22mm, Heidelberg 24,5mm, Karringmelksrivier 30mm, Ashton 4mm, Albertinia 29,6mm en Protem 19.2mm.

Die stand van Bredasdorp se damme was nie bekend nie. Die Buffeljagsrivierdam 100,8% vol. Duivenhoksrivierdam 99,6%. Korentepoortdam 72,5%.

# Polisiestasie ontsmet na polisieman positief getoets is in Hermanus

**HERMANUS - Die brandweer en lede wat met gevaarlike stowwe werk is ingestuur om die Hermanus polisiestasie te ontsmet nadat 'n beampte positief getoets is vir die Koronavirus aldus mnr. Reinhard Geldenhuys, rampbestuurder van Overberg Distriksmunispaliteit.**

Volgens berigte het die polisbeampte siek gevoel en hom laat toets. Sondag, 12 April het hy bevestiging ontvang dat hy positief getoets is. Die kantore is kort hierna gesluit en alle lede wat met hom in aanraking was, is gevra om in selfisolasie te gaan. Lede van die publiek wat met hom in aanraking was is ook gevra om in self isolasie te gaan.

Die aanklagkantoor is na 'n mobiele gebou geskuif sodat dit steeds operasioneel kon bly.

# Goeie nuus vir pertrolverbruikers

**Goeie nuus en nogmaals goeie nuus vir pertrolverbruikers toe aangekondig is dat petrol vir die tweede maand na mekaar teen 'n skaflike bedraggie sal daal. Ongelukkig was daar min mense wat van hierdie geluk tot dusver kon gebruik maak met Suid-Afrikaners wat ingeperk is as gevolg van die COVID-19.**

Die petrolprysdaling is die gevolg van die lae aanvraag regoor die wêreld en die gesondheidskrisis wat tans die wêreldekonomie tot stilstand bring. 'n Moontlike konfrontasie tussen Rusland en Saoedi Arabië oor ru-olie het ook bygedra dat die prys tuimel. Daar is gevrees dat die rand se historiese slegte prestasie die besnoeiings sou versag, maar Suid-Afrika is op pad na nog 'n kostebreekmaand by die pompe.

Volgens die huidige middelmaandvoorspelling deur die Suid-Afrikaanse Energiefonds, kan die petrolprys naby aan R2 per liter sak. Dit sal die vyfde maand in 'n ry wees dat petrolpryse daal.

Die dieselpryse kan in Mei ook met sowat R1.17 per liter daal.

Diegene wat hul voertuie se tenke gaan volmaak in Mei gaan 'n verrassing kry as die die petrolpomp tussen R11 en R11,50 per liter vir beide petrol en diesel aantoon.

## Food relief qualifying criteria

- Households affected by COVID-19 infections in the following instances:
  - A member/s of the family who tested positive for the virus and are in isolation in their homes.
  - A household where a member of the family who tested positive for the virus and who have insufficient means to sustain themselves during the lockdown period.
- A person who is on medication or who suffers from a chronic illness and have insufficient means to sustain themselves, and was assessed and referred by a local clinic or registered health practitioner.
- A person and their household who have insufficient means to sustain themselves during the lockdown period who was referred by a registered humanitarian relief agency, registered NPO or a local municipality, and assessed by DSD. In this instance, persons not yet in receipt of SASSA grants, including the elderly, child headed houses, grant awaiting beneficiaries will be prioritised.

**Contact Information**

Phone: 0800 220 250 for DSD general queries
(between 7am and 4pm Monday-Friday)
Phone: 0860 142 142 for donations and offers
(between 7am and 7pm Monday-Sunday)

Send a Please Call Me: 079 769 1207

*Alle advertensies kan soos normaalweg ingestuur word na suidernuusads@isat.co.za of skakel 028 424 1205 kantoor-ure.*

SUIDERNUUS SOUTHERN POST
AGTERBLAD • AGTERBLAD • AGTERBLAD

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Family Values, Values for the whole Family
Bredasdorp
Besigheidsure:
Maan tot Vry: 07h30 -18h00
Sat: 08h00 - 13h00
Son & Vakansiedae: 11h00 - 13h00
Tel: 028 425 1558
Noodnommer: 082 775 9521

# Hulle maak harte en hande oop!

### *KAM dra R200 000.00 oor aan by om sopkombuise te help om nood onder mense te help verlig*

**Plaaslike owerhede, gemeenskapsorganisasies soos die Arniston Ratepayers Association se "hamper projek" waaroor Suidernuus in die vorige uitgawe gerapporteer het, asook individuele gemeenskapslede, het oor die weke wat verby is teen die agtergrond van die landswye LOCKDOWN-inisiatief, hulle hande en harte oopgemaak.**

Langs hierdie weg het hulle dit in die moeilike tye waardeur baie mense tans gaan, óf kospakkies help saamstel óf dit moontlik gemaak vir sopkombuis inisiatiewe om voort te gaan om te voorsien in die geweldige behoefte onder baie inwoners aan voedsame maaltye.

**KAM se bydrae help Nie-Regerings Organisasies om uit te reik na hulpbehoewende lede van die gemeenskap**

By navraag het Uitvoerende Burgemeester Paul Swart bevestig dat Kaap Agulhas Munisipaliteit ook reeds 'n bedrag van R200 000 (twee honderd duisend Rand) aan NRO's in die dorpe Bredasdorp (R50 000), Napier (R30 000), Struisbaai (R30 000), Waenhuiskrans R30 000), Elim (R30 000), Klipdale en Protem elk R15 000 oorbetaal het ten bate van plaaslike inwoners en gesinne in nood om, in die woorde van die Burgemeester:" *... solank die sopkombuise te kan oopmaak en om die mense te begin voed.*" Die betrokke NRO's in wie se rekeninge die bedrae inbetaal is, koördineer dan die projek in die betrokke dorp. Raadslid Paul Swart het dit verder ook beklemtoon dat nog fondse op 'n latere stadium bewillig sou kon word, *"indien die die geld wat reeds oorbetaal is, reg aangewend is."*

**Kospakkies of hampers volgende prioriteit**

Swart het verder aangedui dat daar nie gewag kon word op kospakkies wat deur die provinsiale of nasionale regerings beloof is nie en dat KAM tans ook kyk na moontlike befondsingsbronne aan die hand waarvan plaaslik soveel as moontlik kospakkies/ opgemaak en versprei kan word. In baie dorpe, waaronder Napier, is reeds talle kospakkies opgemaak met behulp van geskenkte voorrade. Voorrade wat inwoners, wanneer hulle na die plaaslike supermark gaan, in 'n trollie wat vir hierdie doel daar geplaas is, word ook aangewend.

In Bredasdorp het besighede en individue met inbegrip van boere ook reeds ruim bygedra om sopkombuise te help dryf.

Op Napier het 'n groot span dames wat die nood raakgesien het ook ingekoop en lewer tans ook 'n bydrae tot die "sop projek" op die dorp!

**Ora Laubscher**



One of the huge pots of soup prepared daily in Bredasdorp. According to the facilitator, they have now reached the 200 liter mark.

# Swellendam Municipality partners with CAP to provide residents in need with food parcels

**Earlier this week, Mr A. Al Mamun from a local Swellendam based convenience store, handed over a cheque ear-marked for the local food parcel project to Swellendam Municipality's Municipal Manager Mr Anton Groenewald.**




**Mnr A. Al Mamun van 'n plaaslike geriefswinkel in Swellendam, het 'n tjek aan die Swellendam Munisipaliteit oorhandig vir kospakkies vir gesinne in nood. Munisipale bestuurder, Anton Groenewald (links) was teenwoordig om die tjek te aanvaar. Die tjek word aan mnr. Herman Smit van CAP Swellendam oorhandig. CAP Swellendam koördineer die verspreiding van kospakkies in die Swellendam munisipale area.**

The cheque will be handed over to Mr Herman Smit representing CAP Swellendam – the organization that coordinates the project through which food parcels are prepared and handed out to families in need.

CAP stands for Community Action Partnership which is an NPO - a non-profit company - which is active in the Swellendam District in the Western Cape. CAPS' main purpose is to give people in Swellendam communities hope and to build resilient family units.

**Ora Laubscher**

# SOEKHOEK

**Tel: (028) 424 1205**
**Faks: (028) 425 1237**

| BESPREKINGS: | BOOKINGS: |
|---|---|
| Dinsdae 17h00 | Dinsdae 17h00 |
| **BETALING:** | **PAYMENTS:** |
| Dinsdag 17h00 | Dinsdag 17h00 |

**Tarief:** R1.90 per woord, met 'n minimum bedrag van R19.00 (BTW ing.)
**Sosiale Foto's:** R25

**Tariff:** R1.90 per word, with a minimum cost of R19.00 (VAT incl.)
**Social Photo's:** R25



**KWOTASIE OP "SMALLS" SLEGS PER TELEFONIESE NAVRAAG BESKIKBAAR**

**Te Huur / To Let**

**TOESLUIT MOTORHUISE**
Vir bote en karavane
082 389 9710
083 250 5066
Faks: 028 435 7983
T/K

**Suidpunt Storage**
Brandstraat
Bredasdorp
076 412 8422
T/K

**JP's Storage**
028 425 2545
T/K

Kantoorruimte te huur. Beskikbaar vanaf 1 Mei 2020.
028 425 2545
T/K

**Vermaak / Entertainment**

**PAINTBALL BESPREKINGS**
083 250 5066
T/K

**Voertuie / Vehicles**

**TREU MOTORS**
Treustraat 4, Swellendam
082 345 0297
Clive Treu
Soek voertuie om te koop. Onmiddellike eienaarsverandering. Toe Sondae.

**SUIDERNUUS 028 424 1205**

**THE VEHICLE TRADER**
Ek koop voertuie vir kontant.
Jako - 082 745 4145
T/K

**Wetenswaardig / Worth Knowing**

**PAVING PLAVEISEL**
Bou, Verf & Algemene Herstelwerk
Jan Wiehman
082 695 9780
T/K

**THE HANDYMAN**
Mike Munro
082 927 7014

**SWEISWERKE**
Diefwerings, skuifhekke, veiligheidshekke, omheinings. Galvanizing. Herstelwerk, braaidromme
Renier 072 550 3460
17/04

**GARDEN CLEANUP**
066 577 5705
info@rustix.co.za
29/05

**BIRD PROOFING**
066 577 5705
info@rustix.co.za
29/05

**AACL**
**082 898 0787**